## 13 April - GEBED

**Skrifgedeelte: Lukas 11:1-13**
**Fokusgedeelte: Lukas 11:9, 10**

Dertien verse vol wonderlike gebedstroos en onderrig. Jy het dit so pas gelees. Op die versoek van die dissipels, "Here, leer ons bid", gee Jesus aan hulle die modelgebed, die Onse Vader-gebed (vs 1-4).

Daarna leer Hy sy dissipels dat hulle met vrymoedigheid in die gebed tot God mag nader. Dit is soos 'n vriend in nood wat in die nag sy vriend opklop en om hulp vra (vs 5-8). In tye van verleentheid mag jy met vrymoedigheid God biddend nader, en Hy sal gee wat nodig is. Gebed is dus nie huiwerige kommunikasie soos tussen vreemdelinge nie, maar dit is ingebed in 'n innige verhouding soos tussen twee vriende en soos tussen 'n pa en sy seun (vs 11-13).

Wanneer 'n belofte van God in die Bybel herhaal word, dan word daardie belofte beklemtoon. Wanneer dieselfde belofte in een Bybelvers drie maal genoem word, dan is dit uitsonderlik. Die enigste belofte van die Here wat in twee verse na mekaar ses maal herhaal word, is die belofte van gebedsverhoring. Dit word in vers 9 genoem: "Vra, en vir julle sal gegee word. Soek en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word." In vers 10 word die versekering dan herhaal.

'n Mens kan net een afleiding maak, en dit is dat God met groot nadruk die versekering aan sy kinders wil gee dat ons nooit, ja nooit, aan die belofte van gebedsverhoring moet twyfel nie.

In die laaste verse (vs 11-13) staan daar nie dat die seun van sy pa wel 'n vis en 'n eier ontvang het nie. Daar staan wel dat hy nie van sy pa iets slegs ontvang het nie. God gee nie altyd wat ons vra nie, maar Hy belowe om aan ons nooit slegte dinge te gee nie.

In enige normale pa en ma is daar hierdie begeerte om aan hulle kinders net goeie dinge te gee. Die logika van vers 13 spel dit uit: As dit so by onvolmaakte aardse, normale ouers is, dan is dit by God nog baie meer die begeerte, want Hy is goed en volmaak !

*Sing: Psalm 116:1 (1936-beryming)* *Dr SJ van der Walt (Bloemfontein-Suid)*